# DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

5/2026 (Skippertjie nr. 55) 13 Februarie 2026

**IN HIERDIE UITGAWE**

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Skoolfonds vir 2026
2. Atletiek
3. Ouer-onderwyservereniging
4. D6-toepassing
5. Klub 100
6. Krieket
7. Lojaliteitsprogramme
8. Buite aktiwiteite

**"Respect yourself enough to know you deserve the very best."**

**Afrikaanse idioom van die week**

**Jou rieme styf loop:**
In die moeilikheid beland.

**2026 SKOOLKWARTALE**

**1ste:** 14 Januarie – 27 Maart
**2de:** 8 April – 26 Junie
**3de:** 21 Julie – 23 September
**4de:** 6 Oktober – 9 Desember

## UIT DIE KAJUIT

**Respek (3):** Ons sluit hierdie week af met die waarde van respek. Ons gee aandag daaraan dat ons respek vir onsself moet hê – dus selfrespek. Om respek vir onsself te hê beteken dat jy trots is op wie en wat jy is. Verder is mens trots op wat jy doen en ook hoe jy dinge doen. Laastens om respek vir jouself te hê is om ook trots te wees op hoe jy lyk. Die volgende paar gedagtes waaraan ons kan aandag gee rakende selfrespek:

- Netheid van jou werk, op jouself, jou kleredrag en higiëne.
- Netheid en omgee vir jou omgewing, jou huis en jou eie goed.
- Deeglikheid van hoe dinge oor die algemeen gedoen en deurgevoer word.
- Hoe jy praat, wat jy sê en die tipe woorde wat jy gebruik.
- Trots op jouself, jou werk, jou gesin en familie, jou skool en jou dorp.
- Selfvertroue om jouself te wees en reg op te tree in elke situasie.

Respek begin dus by jouself. Dit is die rede hoekom mens elke dag alles 100% goed moet doen. Kinders moet geleer word dat om dinge halfhartig te doen of nie deur te voer nie, nie die moeite werd is nie. Dit is iets wat ons elke dag by hulle moet tuisbring deur die regte voorbeeld te wees en aan te spreek waar nodig. Oefen respek en selfrespek saam met u kind. Gelukkige valentynsdag en lekker naweek vir almal.

*Dr. André Smith*

## BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

**1. Skoolfonds vir 2026**

Baie dankie aan al ons ouers wat reeds hul skoolfonds vir die jaar betaal het. Skoolfonds vir 2026 is as volg vasgestel:

- **Graad 1 – 7:** **R14 400 per jaar**
- **Graad R:** **R14 800 per jaar**
- **Graad RR:** **R16 000 per jaar**
- **Graad RRR:** **R19 500 per jaar**



**Alle aansoeke moet teen 13 Februarie, tesame met die stawende dokumente, by die skool ingedien word.** Ouers wat skoolfonds vooruit betaal teen einde Februarie ontvang 5%-korting op die jaar se skoolfondsrekening.

**2. Atletiek**

Tydens die PSG-atletiekbyeenkoms (slegs baanitems) te Laerskool Hartenbos, waaraan 13 skole deelgeneem het, het ons atlete baie goed gevaar. Die volgende leerders het medalje plekke behaal:

- Goud: Miané Schutte
- Silwer: Zarah Swigelaar, Fourie le Clus, Lara Roos, Miané Sims, Aaron Baron, JC le Clus, Mia Brönn, Miané Schutte en die dogters gemengde-aflosspan
- Brons: Gracey Baron x2, Zara Swigelaar, Aaron Baron en Amieke de Jager

Op Saterdag, 14 Februarie vind die Mosselbaai-streekbyeenkoms plaas. Baie sterkte aan al ons atlete wat deelneem. Gee altyd 100%!

*100% Parkies*

## Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.laerskoolpark.co.za

### VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 16 Feb: Krieket: o/13A+B v Outeniqua
Di, 17 Feb: Tennis v Vorentoe (rooi+oranjebal)
Wo, 18 Feb: Interne redenaarskompetisie
Krieket v Milkwood (o/7-o/13)
Do, 19 Feb: Nashua atletiek (Outeniqua)
Vr, 20 Feb: Rugby: o/13 oefenkamp
Sa, 21 Feb: Rugby: o/13 oefenkamp
Skaak: George-Suid
o/7-o/9 Mini-krieket: George-Suid




### BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park
Bank: Standard Bank
Rekeningnommer: 060822643
Tipe rekening: Business Current Account
Takkode: 051001 (George)
Verwysing: Familiekode

**3. Ouer-onderwyservereniging (OOV)**

Die nuwe komitee vir die OOV is onlangs verkies. Die ampsdraers is as volg:

- Voorsitter: Irma Oosthuizen
- Ondervoorsitters: Johan van Rensburg en Natalie Steynberg
- Tesourier: Micaela van Heerden
- Sekretaresse: Priscilla Schutte

Die onderwysers wat deel vorm van die komitee is mnre PJ van derMerwe en Flippie Schutte en me René Olivier. Baie dankie aan hierdie persone wat bereid is om hulself diensbaar te stel. Ondersteun hulle in hul werk.

**4. D6-toepassing**

Alle kommunikasie by die skool geskied deur die *D6*-kommunikasiestelsel (blou toepassing). Ouers en leerders word op die stelsel geregistreer sodat kommunikasie en inligting maklik deurgestuur kan word aan u as ouer. **Daar is nog steeds ouers wat nie op die stelsel geregistreer is nie en dus belangrike inligting misloop.** Indien u nog nie die toepassing *(App)* vanaf u foon of rekenaar se *Play store* afgelaai het nie, versoek ons dat u dit so spoedig moontlik sal doen sodat u op hoogte van sake kan bly.

NB!

**5. Klub 100**

Klub 100 is 'n organisasie wat losstaan van die skool en daarop fokus om fondse ten bate van sportontwikkeling by die skool in te samel. Ouers kan 'n bydrae maak en deel raak van Klub 100 deur 'n lid te word. Klublede betaal R100-00 per maand om lid van die klub te wees. U kan aansoek doen om deel van Klub 100 te word deur die aansoekvorm op die skool se webtuiste onder die skakel "Sport" af te laai, dit te voltooi en terug te stuur na die skoolkantoor.

**6. Krieket**

Baie geluk aan die volgende spelers wat in die Mosselbaai o/11-span ingesluit is:

- Adriaan Harmse
- Johan Swanepoel
- Eben Gericke

Hierdie seuns gaan aan die Eden-proewe deelneem wat later in die jaar gaan plaasvind.

Die uitslae van die week se wedstryde was as volg:

- o/13B wen met 9 paaltjies teen St. Blaize o/13A (Caleb Daries 3/9; Dandré Venter 2/5).

Baie geluk aan hierdie spelers.

**7. Lojaliteitsprogramme**

Ons is baie dankbaar vir alle besighede en instansies wat die skool ondersteun. *Astron Energy D'Almeida* en *Kwanonqaba Apteek* is twee van hierdie besighede wat ook lojaliteitsprogramme geloods het waarby die skool voordeel trek wanneer u van hul dienste gebruik maak. Ondersteun hulle gerus en maak so 'n bydrae tot die skool. (sien hul advertensies onderaan)

**8. Buite aktiwiteite**

Tydens die WPCSSA-streeksbyeenkoms het Liam Muller 1ste plekke behaal in die 60 meter, 80 meter en 600 meter wedlope. Ava du Plessis het 'n 2de plek behaal in die 80 meter wedloop. Hulle albei kwalifiseer om aan die provinsiale kampioenskappe deel te neem. Baie geluk.

# Gelukkige valentynsdag




# *Skenk bloed:*

## Skoolsaal, Laerskool Park, Mosselbaai

## Dinsdag, 24 Februarie 2026

## 12:00-15:00

BLOEDSKENKVEREISTES:
Wees 16-75 jaar oud. Weeg 50kg+. Wees gesond.
Lei 'n seksueel-veilige leefstyl.

**Download the WCBS App**
www.wcbs.org.za

**Western Cape Blood Service**
Do something remarkable


Respek bou sterk verhoudings!
PARK
VOLHARD - PERSEVERE
Karakter is om die regte ding te doen,
selfs as niemand kyk nie. ~ J.C. Watts
WEES WAARDE WENNERS


PARK
VOLHARD - PERSEVERE
LAERSKOOL PARK
NASORGSENTRUM
VANAF JANUARIE 2026
R 900 per maand
13:00 - 17:30
REGISTREER NOU
Navrae: 044 691 1020
Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar

# Loyalty program @ KwaNonqaba Pharmacy

## Why Choose us:

We handle your chronic authorizations
All medical schemes accepted
**Free and convenient delivery services**
Wellness programs
A loyalty program that gives back to your community

## The Loyalty Program:

Earn points on your purchases
Donate points to a school of your choice
Support education while shopping

alpha pharmacies

PARK
VOLHARD - PERSEVERE

## Full range of services include:

- Health Screens
- Medical Aid Wellness Screens
- Family Planning
- Baby Clinic
- Vaccinations

## Front Shop Offerings:

- Pharmacy essentials
- Vitamins and minerals
- First aid
- Medical appliances
- Gifts
- Body and beauty
- Studex earrings
- Essence beauty make-up range

info@kwanonqaba.co.za

2 Mooney Street, KwaNonqaba

074 612 8909

044 693 1490


BRAAIHOUT
Mosselbaai
BRAAIHOUT MOSSELBAAI
EST 2014
NOU BRAAI ONS
Jou NR.1 STOP vir kwaliteit vuurmaakhout !
Spidergum hout
XOXO
!!!60% BETER AS ROOIPITJIE EN 80% BETER AS WATTLE!!!
Bakkievrag van 16 streepsakke vir
slegs R1440
HAPPY
Valentine's
DAY
DROË HOUT GEWAARBORG!!
(Ons waarborg jou geld terug)
Beste hout in die BAAI !!
Kontak
Natasha: 084 627 4606
MosselBaai, DanaBaai,
Hartenbos, Kleinbrak,
Grootbrak

# NIEK HARTEVELD

**OOGKUNDIGE/OPTOMETRIST**




KOM VIR 'N OOG TOETS,
KOOP JOU RAAM EN LENSE EN KRY
**'N PAAR ENKELVISIE** *Sonbrille*

T'S & V'S GELD

**15 NOV 2025 - FEB 2026**

## 044 695 1688

19 Ryk Tulbach Str, Da Nova, Mosselbaai





ARMOR of God
Nou aanlyn en in die winkel beskikbaar by Tactical 300!
• Ouderdomme: Van 2 jaar tot 3XL
• Beskikbaar in:
• "Hoodies"
• T-hemde
✦ Hoë kwaliteit klere
✦ Unieke en betekenisvolle ontwerpe
✦ Ideaal vir kinders én volwassenes
PUT ON THE FULL
ARMOR of God
ARMOR of God
TACTICAL 300
TACTICAL 300
www.tactical300.co.za
079 490 5444
info@tactical300.co.za


Hier is Jana
Sy het hierdie Armor of God T-hempies
help ontwerp om kinders te herinner:
• God is altyd by jou.
• Vir seuns en dogters – nou aanlyn beskikbaar
ARMOR OF GOD GIRL
ARMOR of God
ARMOR OF GOD BOY
ARMOR GOD
ARMOR GOD
Shop Online at Tactical 300
Shop online:
Tactical 300
Jana van Wyk · 0794905444
Shop online:
Tactical 300
Jana van Wyk · 0794905444
ARMOR OF GOD

ASTRON ENERGY
QUARTECH

# D'Almeida Service Station

## LAERSKOOL PARK
### LOYALTY CARD PROGRAM

**Points are pointless,**
**CASH IS KING**

## HOW IT WORKS

- Once you have your loyalty card in hand, activating it is effortless.
- Scan the QR code provided on the card to access the sign-up link.
- Enter your basic details and set up your account in moments—no paperwork, no hassle.
- As soon as you're registered, your loyalty card is live, and you can start collecting rewards with every transaction.
- Use your loyalty rewards to make purchases in store or at the pumps.

**Enjoy 10c per litre** cash back on fuel **while your school earns** another 10c per litre.

and

Earn **2.5% cash back** in-store and **we'll match it** with 2.5% for your school.




ASTRON
ENERGY
D'ALMEIDA


044 693 1997

13 Mossel Street, D'Almeida, Mossel Bay
(Behind Builder's Home)

# ReACTIVate



RETRO ACTIVITIES AND EATERY

# Book your Experience

## Play Sessions and kids party bookings

### ACTIVATE
**R3 500**

- 2 hours play time
- Up to 10 children
- Supervised play area
- Basic decorations
- Party Packs Included

### ELEVATE
**R4 300**

- 2 hours play time
- Up to 10 children
- Supervised play area
- Premium decorations
- Party Packs Included
- Kids meal & drinks

### DOMINATE
**R5 300**

- 2 hours play time
- Up to 10 children
- Supervised play area
- Deluxe decorations
- Party Packs Included
- Kids meal & drinks
- Birthday cake

MOST POPULAR


**CONTACT NO.**
+27 79 697 2457

**WEBSITE**
www.reactivate-retro.co.za